

# Die Lewende Kerk



## Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 23 Oktober 2016*

### **Baie Welkom by ons Erediens!**

[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

#### **Erediens**

Vandag se erediens word gelei deur ds. Stephan Briel.

Lees: Spreuke 28: 1-13.

Fokus: Spreuke 28: 1.

**Vrees van die Here verdryf alle ander vrese.**

#### **Omgee:**

- Isébel Macleod het 'n kwaadaardige gewas in haar lewer en het Woensdag chemo behandeling ontvang in die Donald Gordon hospitaal.
- Martie Ackerman ontvang chemo behandeling.
- Chatye Rensburg moet ook begin met chemo behandeling.
- Jacques Moolman se pa het 'n gewas op die brein en ontvang chemoterapie.

#### **Offergawes:**

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

## Afkondigings: ☀

- **Aanderediens** vandag om 17:30.
- Ds Stephan se **kategesegroep** kom weer vanmiddag om **17:00** in die kuierkamer bymekaar.
- Die **Gesinne-selgroep** behandel weer volgende Sondagoggend (30 Okt) na die erediens 'n kursus wat handel oor jou skeppingsdoel van Bruce Wilkinson ("You were born for this"). Enigiemand is welkom om dit by te woon.
- Almal wat belangstel om deel te wees van die **Kerssangdiens-program**, word uitgenooi om **Woensdagaand (26 Okt)** 'n vergadering by te woon in die kerkgebou om 19:00. \*lees ook die inligtingstukkies verderaan in DLK.
- Kursusse en seminare vir die res van die jaar: **5 November Heilige Gees Seminaar Bergbron.**
- **Tee/koffie skinkbeurt** – vandag skink Groep 5: Sophie, Santjie en Susan le Roux. Volgende Sondag is dit Groep 6, DIAKENS, se beurt.
- **Albertina**, wat jare vir oom Hendrik gewerk het, soek dringend nog stukwerk – (079 657 2479) of sê vir Ankie.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, [kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za) of sms na 072 651 8286).

## Potjiekosdag, Saterdag 29 Oktober

- Kry asseblief jou inskryfvorm in die rakkies.
- Enige donasie is welkom. Daar is klein koevertjies daarvoor in die rakkies.
- Dames wat poeding wil maak, kan vir Annette Müller of Ankie de Klerk sê.

## Almanak-bestellings

- Die Adminburo wil so gou moontlik getalle hê van die Almanakke wat ons gemeente wil bestel. Koste vir 2017 se uitgawe is R 75-00 elk, asseblief betaalbaar wanneer jy bestel.

## Lekker verjaar ...! 🕯

Verjaardae in die week:

25/10	ISABEL ERASMUS	083 284 2120
27/10	LOUKIE RENSBURG	079 488 1278

## Mag die Here jou oorvloedig seën

### Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

# Kerssangdiens DV op 27 November...

## eerste oefening Woensdag, 26 Oktober, 19:00

- Soos vorige jare beplan ons om hierdie jaar weer 'n geleentheid te bied aan elkeen in ons gemeente en daarbuite om die geboorte van Jesus Christus te gedenk met musiek, sang en voordragte.
- Wentzel du Plessis het ingestem om weer te kom help met die saamstel, begelei en inoefen van die program.
- Elke lidmaat wat bereid is, kan betrokke raak.
- As jy musikale talent het, is daar ruimte vir sangers en soliste, verskeie instrumente in die *band* en vir solo's, ook iemand wat goed trompet kan speel.
- As jy dramatalent het, kom bied jousef aan vir voordragte (*skits*), of kort uitbeeldings/dialog.
- Hierdie jaar word gedink aan kostuums vir rolspelers in die verhaal van Jesus se geboorte – Josef, Maria, koning Herodes, wyse manne, ens.
- As jy kan help met die opmaak van die verhoog en die kerk (manne en vroue), kom asseblief ook na die eerste byeenkoms (26/10).

## Gebed: Teen die Gety

*Gedeeltes aangehaal uit die boek , Teen die Gety, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.*

### Die sleutelmag van die gelowige - Gebruik jou sleutelmag!

#### Deel 2

#### 4. Kom staan in die rots

God is die geestelike rots wat die Vader is. Jesus is die rots waarop die kerk gebou word. God die Vader wil ons op die rots hê, want Hy wil sy kerk op die rots, Jesus, bou. Lees Eks. 33:21-23.

Let op dat God Moses uitnooi om saam met Hom op die rots te kom staan: daar is plek by op die rots by God! God nooi ons na die rots toe. Maar God die Vader wil ons nie net op die rots Jesus Christus hê nie maar ook in die rots. Wanneer God Moses nooi om saam met Hom op die rots te staan, plaas Hy ook vir Moses in 'n skeur in die rots. Jesus is deur die kruis oopgeskeur en deur die bloed wat deur die wonde (skeure) gevloei het, is ons in die rots Jesus Christus ingeplant.

#### 5. Sleutelmag word toegeken

Terug by Matt.16 - sê Jesus iets soos “klein rotsie”, kyk na die Ewige rots, want op hierdie rots sal Ek my kerk bou. En klein rotsie, omdat jy ook rots is, gee Ek aan jou die sleutels om hierdie kerk te bou en met hierdie sleutels kan jy bind en ontbind. Die inspelning is iets soos “like Father, like son” In die skrifgedeelte Matt.16:19 sê Jesus vir Petrus (en dus ook vir sy dissipels) “ Ek sal aan jou die sleutels van die Koninkryk ...” Hier gee Jesus aan sy dissipels geestelike sleutels om die magte van die Bose teen te staan; die poorte van die hel toe te sluit. Een ding staan hieruit vas: sleutels is absoluut nutteloos as hulle nie gebruik word om mee oop en toe te sluit nie. Jesus plaas daardie sleutels in die hande van die kerk, (in die hande van die dissipels) met die doel om die poorte van die hel toe sluit en die deure van die koninkryk oop te sluit. In Matt.18:18-20 word die opdrag uitgebrei en moet die

dissipels hierdie sleutelmag gebruik om die “poorte van sonde” in die gemeente toe te sluit en word hierdie sleutelmag direk aan korporatiewe gebed (waar twee of drie saamstem) verbind.

Hierdie sleutelmag sluit aan by God se belofte aan die nageslag van Abraham soos wat Hy dit aan Rebekka gemaak het: ...mag jou nageslag die poorte van sy vyande in besit neem! (Gen.24:60 OAV) Wie die stadspoort beheer het, het die stad beheer. Om dus ‘n stad en eerstens die stadspoort te verower, beteken dat die god van daardie bepaalde stad, geografiese streek en volksgroep, verower moet word.

Deel 3 vervolg 6. Om te bind

## Die Lewende Woord vir Jou Vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Spreuke 28: 1-13.

Fokus: Spreuke 28: 1.

**Vrees van die Here verdryf alle ander vrese.**

### 1. Wat beteken dit om die Here te vrees?

- ‘n Objek van vrees het 2 kenmerke: moet beide kragtig en teenwoordig wees.
- Die Here is die enigste regmatige objek van vrees, want die Here is beide alomteenwoordig en almagtig.
- Ons vrees God omdat Hy almagtig is en die mag het om te vergewe. Vrees van die Here laat ons na Hom toe vlug.

### 2. Hoe word ander vrese verdryf?

- Die vrees vir mense.
- Vrees vir die dood.
- Vrees vir Satan.
- Lofprysing en aanbidding belangrik in stryd teen vrees.

**Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:**

- Wat is die verskil tussen vrees vir die Here en vrees vir enige ander objek?
- Wat beteken dit vir Dawid om die Here te vrees volgens Psalm 139 (veral verse 6 en 14)?
- Wat beteken dit vir jou om die Here te vrees?
- Hoe verdryf die vrees van die Here ander vrese in jou lewe?
- Het ‘n verskriklike angsk jou al oorval sonder dat jy weet waarom? Hoe kom ‘n mens vry van so ‘n angsaanval?
- Wat beteken lofprysing en aanbidding van God vir jou?

## Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:** [www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,

[stephan@bergbron.org.za](mailto:stephan@bergbron.org.za)

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219,

076 867 3125, [zooch234@gmail.com](mailto:zooch234@gmail.com)